



TOULEIER



Ons speel kaal-kaal in die Filippyne

Hoofstuk 2 Deel vi

KAMMANUUS SE FONDS STAAN NABY R17 000

Vandag is ek weer van voor af trots op ons lesers! Laas week se omsendbrief oor die Helpende Hande van Hennenman se werk met baba Lielie en haar gesin het so 'n goeie donasie reaksie ontken onder ons lesers, dat die Kammanuus-fonds gesprink het tot kort by die R17 000! Dis nog sonder die R2 000 ingereken wat 'n egpaar uit Namibië geskenk het vir dadelike en direkte aanwending vir Lielie en haar sussie. Lesers soos Elize het onderneem om klere, kombesies en ander 'goedjies' te stuur om hul omstandighede verder te verlig. Baie baie dankie julle almal.

Ons oorsese lesers het ook via PayPal 'n totaal van 50 dollars gestuur wat nog op pad is. Paypal neem net 1.5% per transaksie. Daar is 'n paar maniere wat mens deur middel van PayPal kan skenk. Jy gaan na hulle webwerf en kliek daar op die skakel wat sê SEND. Hulle vra dan aan watter e-posadres jy wil geld stuur. Jy vul dan in hennie.greeff@gmail.com en die bedrag wat jy wil stuur. Volg net die instruksies daarvandaan en by die rede kies jy bv. "shared expenses"

'n Ander manier om dit te doen is om my te laat weet met 'n epos na pos@onsdorp.com hoeveel jy wil skenk en ek stuur dan vir jou 'n 'rekening' vanaf Paypal vir daardie bedrag. Maak asb. die onderwerp: Skenking via PayPal.

Nou ja, terug by ons reisverhaal. Nog 'n onvergetlike naweek wat ons in die Filippyne deurgebring het, was 'n besoek aan die plek wat bekend staan as Honderd Eilande. Idillies, net een woord opgesom. Die keer besluit ons toe om sommer ons drywer en sy familie ook saam te neem.

Die meeste van die mense is Katoliek met die gevolg dat daar geen keer aan kinders kry is nie. Ons het toe maar die orrelpypies ingepak tot daar nie meer plek was nie. Gelukkig het hierdie nasie 'n baie uitgebreide sisteem van familie ondersteuning en het ouma en oupa na die paar wat oorgebly het omgesien. So ver soos ons ry sien mens die groen lappieskombes patrone van die rys 'paddies' op elke stukkie bewerkbare grond ingedruk. Selfs hoog op teen die berge maak hulle terrasse vir rysaanplantings.

Nadat ons die eerste aand in 'n hotelletjie langs die strand geslaap het, neem 'n motorboot vir my en Kamermaatjie met 'n piekniekmandjie en 'n paar bottels bier en wyn na die eilande. Ek reken daar is baie meer as net honderd van hulle in hierdie baai met sy wit sand en helder ligblou, silwerskoon water. Nie een van hulle is baie groter as so 50 meter in deursnee nie. Party klipgooi naby aan mekaar en ander weer heelwat verder en alleen.

So met die verbyvaar sien ons oral paartjies en klein groepies piekniekers wat vriendelik waai. Ek en Annabelle wuif skaam dog koninklik terug. Ons word op ons eie piepklein eilandjie met sy eie strandjie afgelaai. Hy is heeltemal alleen en die ander eilandjies is amper buite sig. Die man met die boot spreek af om ons laat middag weer te kom haal. Hy stem saam en beveelaan dis 'n lekker plek vir kaalgat swem. Ons maak ook toe so. Nie heeltemal poedelnakend nie. Ons elkeen het darem 'n duikbril en 'n paar paddavoete aangehad.

Eers bietjie huiwerig en met baie wyd rondkyk. Toe ontspan ons en ervaar die lekkerte van nudisme. Ons ontdek tot 'n onderwater grot wat binne oopmaak met 'n gat in die dak waar die son in skyn. So swem en lê ons punt in die wind en piekniek die hele dag op ons eie eiland tot die motorboot ons kom haal.


Hennie Greeff

Doha, Katar

[UITGEWER pos@onsdorp.com](mailto:UITGEWER_pos@onsdorp.com)

Om die kampvuur

Boeta, was hulle VERKEERD! (1)



"Dit sal nooit moontlik wees vir 'n vuurpyl om die aarde se atmosfeer te verlaat nie."

- New York Times, 1936

Limeriek

Die joernalis moet swem vir sy lewe

Maar beland op die boom, by die krewes.

Hy stuur sy verslag

Nog dieselfde nag

"Bewe, krewes, agterstewe opgehewe."

- Dirk Kamfer

Onderwysers kan die deur vir jou oopmaak, maar jy moet self by hom instap.

- Ou Chinese gesegde

Die vroegste Afrikaans

Van die vroegste Afrikaanse geskifte is deur Imams van die Oosterse slawe in Arabies geskryf. Lees die volgende getranskribeerde voorbeeld hardop: "Oewhans wiet die riegte wieg." Dit beteken: "Ons weet die regte weg."



En so lyk die teks in Arabies. (Lees van regs na links.)

Ook die grammatika van Afrikaans toon Maleise invloed, bv. in die sg. reduplikasie.

Reduplikasie

kom voor in woorde soos een-een . draf-draf . blou-blou . raak-raak en amper-amper .

Hulle is opgebou uit die verdubbeling van 'n stam, soos een in een-een.

Reduplikasie kom in Nederlands voor, bv. qauw-qauw, maar is uiters beperk.

Historiese humor

Henry Clay: "Ek wil veel eerder reg wees as om president te wees."

Thomas Reed: "Die heer moenie bekommerd wees nie - hy sal nooit een van die twee wees nie."

Vreemde vergelykings

Uit skoolopstelle:

♦Hy was so lank soos 'n twee meter lange boom.

♦Hy het diep uit sy keel gelag - soos daardie geluid wat 'n hond maak net voor hy opgooi.

♦Ek het so minderwaardig gevoel soos 'n Zim-dollar.

♦Die son het uit die see opgerys soos 'n gloeilamp uit 'n bad water.

Die herkoms van gesegdes (54)

Wittebrood: Wittebrood hou (eerste huweliksdae deurbring)

Die wittebroodsdae is veronderstel om idillies goed te wees, asof die paar net wit brood eet, in plaas van swart brood (rogbrood) wat vroeër eeue altyd as minder lekker beskou is.

Woltoon: 'n Woltoon (bynaam, spotnaam vir 'n Kapenaar)

Na aanleiding van die Kaapse skaapboere wat wol intrap in die bale.

Xantippe: 'n Egte (regte) Xantippe ('n kwaai, twissieke vrou):

Volgens oorlewering die vrou van die Griekse wysgeer Sokrates, wie se geduld sy gedurig op die proef gestel het.

Duskantlander in Anderkantland

Yak-yak-yak!

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana

Hier in Akkra het almal 'n opinie oor als. Vergeet van sin maak – die een wat 'n onderwerp die meeste kan uittorring, is voor die hand liggend die een wat 'die meeste daarvan weet'!

Daars rooimiere in my holle. Ek weet net nie meer hoe om te *fake* dat ek luister nie. Sy kop wieg en bons rond soos daai wieghondjies in die agterkant van 'n ou Valiant. Sy oë rek en vernou as beklemtoning van sy storie. Sy hele gesig is reeds ingeprent in my kop. Elke strepie en skakering van sy baard ken ek reeds. Sy ondertanne lê effe skuins links - koes seker vir die woordevloed. Ek forseer myself om ten minste in sy rigting te kyk. My oë dwaal links en regs verby hom. Die geraamde fotos en kristalglasdiertjies agter hom, lei my aandag af. Haal hy ooit asem? wonder ek.

Hy's skerp – as my oë glaserig word of as ek gaap, noem hy my naam; skerp – soos 'n Engelse skoolonnie wanneer jy jou onklaar huiswerk moet voorlees.

Luister die man ooit na homself? Bring enige tema op; iets ligsinnigs waarmee onse mense geselsies maak soos die onderwys is nie wat dit voorheen was nie en hy vat die aas en loop met hom soos 'n tiervis. Hy *state* die *obvious*. Herhaal jou stelling tien keer oor en oor. Pluk 'n naam iewers uit van een of ander bekende, staaf hoeveel geld en aansien daardie bekende het, vereenselwig homself in die bekende se klas of stand ... yak-yak-yak.

Niks het 'n positiewe spin nie. Anderhalfuur later het hy die hele ding uitgetorring – gedraai tot in sy kinderdag, bespikkel met sy vervloë beroepslewe en die vloer gemop met bure en familie.

Jy besef iemand moet net die onderwerp verander voordat jy helder oordag tannestokkies onder jou ooglede druk net om nie van verveling te vrek nie. O wee! Moet net nie in die slaggat trap en saamstem of knik nie.

Dis soos om 'n dubbelloop twaalfrondtes haelgeweer te laai en te gee vir iemand wat nie kan skiet of mik nie. In jou kop druk jy watterbolletjies in jou ore. Werk nie. Nou sit ek en wonder hoeveel bolletjies kan in sy mond inpas, hoe ver innie keelgat af voor die stem stil raak? Dis asof hy 'n grammOfoon ingesluk het, net ek weet nie hoe om die af-knoppie te druk nie.

Mens kan net soveel strontpraat verduur. Aanvanklik het ek asem opgehou om darem 'n driewoord sinnetjie in te gooi as hy asem skeep. Dis *useless* want hy's in *fast forward*, *double speed*. Jou kans kom net nooit ...

Mens is van tyd tot tyd by 'n formele ete – ure lank met baie belangrike Mnr.

So-en-so, en jy wonder hoe het hierdie ou ooit vrou of werk gekry. Jy spring op en gaan bestel koffie, gaan piepie, soek na die drywer, gaan laai jou foon, maar wegkomkans is daar nie, *fake* 'n kramp (inni hol) – enige iets net om jou ore ruskans te gee.

Dink positief, maan ek myself. Ek waag 'n teenaanval en stem nie saam met al die negatiewiteit nie. Maak 'n stelling soos "mense sal wel een of ander tyd leer uit hulle foute".

Nee man, dis soos 'n skêr gee vir 'n driejarige om hare mee te knip. Hy loop begeesterd met hom soos 'n Ousie met 'n mop! Gee 'n toneelspeler 'n verhoog en hy blom, maar gee hom 'n tragedie soos 'n misleidende waarheid en hy word die hele Weskus se blommeseisoen!

Ek is sommer de moer in vir myself dat ek my in hierdie situasie bevind. Waar is die hele *Sarie* se rubriek-kopdokters as jy hulle nodig het? Die lig vang die kristalkandelaar en gooi reënboogspikkels op die tafeldoek. Nou neuk my konsentrasie sommer van die stokkie af. My verbeelding loop hop-land-toe met diamante, feëtjie *glitters*, Rio de Janeiro. In my kop luister ek na my eie geselskap ... yak, yak, yak.

**Oom Jan Droëpan sê:
Sommige mense praat uit ondervinding - ander
praat nie, ook uit ondervinding.**

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



PRINS CHARLES EN DIE STRAATVROU

Prins Charles het besluit om elke dag 'n entjie te gaan stap. 'n Straatvrou het op een van die hoeke gestaan waar hy elke dag verbygehoop het.

Hy het geleer om homself te staal vir wat hy geweet het gaan volg.

"£150!" sal sy skree.

"Nee, £5!" sal hy uit die kant van sy mond antwoord.

Dit het elke dag gebeur: Sy skree £150 en hy antwoord £5.

Op 'n dag het Camilla besluit om saam met haar man te stap.

Toe hulle naby die gevreesde straathoek kom, het hy geweet die vrou gaan haar gewone £150 skree, en hy het gewonder hoe hy dit aan sy vrou gaan verklaar. Ja, daar het sy gestaan! Hy het oogkontak met haar vermy en die vrou het gewag tot Charles en Camilla verbygestap het. Toe skree sy:

"Sien jy wat kry 'n mens vir £5!"



GOEIE BESIGHEID

Die man het gehoop dat sy seun eendag die familiesaak sal oomeem, en vertel hom wat van hom te wagte is.

"Seun," sê hy, daar is twee belangrike dinge in 'n suksesvolle besigheid. Dit is eerlikheid en versierendheid."

"Watter soort eerlikheid?" vra die seun.

"Maak nie saak wat gebeur nie - as jy 'n belofte gemaak het, hou jy daarby."

"En versierendheid?"

"Moet nooit beloftes maak nie."

"Hy dink die son skyn by sy agterent uit, maar dis eintlik net die Duiwel met 'n flits lig."

VROUE

Een van die raaisels van die lewe is hoe 'n 2 kg boks sjokolade 'n vrou 10 kg kan laat aansit.

VIAGRA LITE

Alles is deesdae Lite. Corsa Lite, Coke Lite, Sprite Lite. Tot bier en sigarette kom in die ligte kategorie uit.

Vir ou mans met hartprobleme is daar nou ook Viagra Lite. Dit gee hom net vuil gedagtes!

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Robotte op die gholfbaan

Die man gaan na 'n openbare gholfbaan en sê hy wil 18 putjies speel en 'n joggie hê.

Die man agter die toonbank sê:

"Die 18 putjies is geen probleem nie, maar daar is nie joggies nie. Maar ons het pas ses splinternuwe robotjoggies gekry. Jy kan een kry en gratis speel as jy agtema vir my terugvoering gee."

Natuurlik aanvaar die speler die aanbod. By die eerste putjie dink hy hardop: "Ek dink ek sal my dryfstok gebruik."

Die robotjoggie draai na hom: "Nee, meneer. Gebruik jou driefhout. Met jou dryfstok gaan jy die bal ver verby die putjie slaan."

Die speler weifel, maar gebruik sy driefhout, maak kontak en land net drie meter van die gaatjie.

So gaan dit aan: die robot se besluit is altyd reg en die man speel die beste rondte van sy lewe.

'n Week later wil die man weer gholff speel. "Agtien putjies en een van daai robotjoggies, asseblief."

"Geen probleem met die 18 putjies nie, Meneer. Maar ons moes die robotte ontslaan omdat daar te veel klagtes was."

"KLAGTES? Wie de joos het gekla?! Daai joggies was fantasies!"

Die beamppte sug. "Nee, die klagtes was die robotte se silwer kleur. Die son het daarop gereflekteer en die ander spelers op die skoonveld verblind."

"Nou maar hoekom het julle hulle nie net swart geverf nie? Swart weerkaats geen lig nie!"

"Ons het dit probeer, Meneer, maar dit was glad nie suksesvol nie."

"Twee van hulle het nie vir werk opgedaag nie. Twee het aansoek om welsyn gedoen, een het die gholfwinkel beroof en die ander een dink hy is die president."

'n Storie oor 'n Boer en 'n Brit



Na die Anglo-Boereoorlog het van die Engelse soldate besluit om hier aan te bly. Die getoudes het hul gesinne saamgebring.

Daar naby my grootworddorp het 'n Wilson 'n plaas gekoop. Hy het 'n opgeskote seun van so agttien gehad. Oom Hennerik Greyling kry hom toe vir 'n buurman. Hy het 'n dogter van so sewentien gehad. Oom Hennerik was net omgekrap toe hy die nuus kry. Hy het sy dogter geroep en dit vir haar baie goed duidelik gemaak dat dit die Boere se aartsvyand was en dat sy geen kontak met enigeen van hulle mag hê nie.

Na drie maande of so het hy taamlik afgekoel en so nou en dan oor die grensdraad met Jack Wilson so 'n paar woorde geruil. Die Engelsman het al so tien Afrikaanse woorde ook aangeleer.

Een aand net so met sonder kom oom Hennerik moeg in die huis. Sy vrou vra: "Waar is Matilda?"

Hy kyk vir haar en vra: "Hoekom vra jy so 'n vraag. Sy is mos dié tyd lankal in die huis." Sy skud haar kop: "Ek weet, maar toe sy nie inkom nie dog ek sy is by jou. Jy beter die lantern vat en haar gaan soek."

'n Bekommerde oom Hennerik steek die lantern op en soek oral om die huis, by die waenhuus en die kraal en die hoenderhok, maar sy is nêrens nie. Hy stap met die voetpad langs na die grensdraad se kant toe.

Na 'n ruk sien hy nog 'n lig aan Jack Wilson se kant van die draad. Dit is toe Jack self. Hy soek na sy seun wat ook spoorloos verdwyn het.

Die twee besluit om saam te soek. Hulle stap met al wat 'n voetpad is langs oor altwee die plase, maar kry geen teken van die twee jonges nie.

Hier by tweede hanekraai sê Jack: "I think we can maar go home now, the dawn is nigh."

Oom Hennerik luister met sy Afrikaanse ore. Hy antwoord: "Ja, dit weet ek ook - maar waar?"

STELLA AWARDS 2015



Die Stella Awards is vernoem na die 81-jarige Stella Liebeck wat baie warm koffie op haarself gestort het terwyl sy besig was om te bestuur.

Sy het McDonalds suksesvol hof toe geneem en het skadevergoeding van \$1 miljoen gekry.

Die prys is ter ere van gulsige opportuniste, beuselagtige hofsake en dryf die spot met die Amerikaanse hofstelsel.

SEWENDE PLEK

Kathleen Robertson van Austin, Texas is \$80 000 deur 'n jurie van haar eweknieë toegeken nadat sy oor 'n kleuter gepootjie en haar enkel in 'n meubelwinkel gebreek het.

Die eienaars was verbaas oor die uitspraak, want die kleuter was Kathleen se eie kind.

SESDE PLEK

Carl Truman (19) van Los Angeles het \$74 000 plus mediese onkoste gekry toe sy buurman met sy Honda Accord oor Truman se hand gery het. Truman het skynbaar nie opgelet daar is iemand agter die stuurwiel toe hy probeer het om sy buurman se wiel doppe te steel nie.

VYFDE PLEK

Trence Dickson van Bristol, Pennsilvanië, het pas by 'n huis ingebreek en was besig om deur die garage uit te slui. Ongelukkig vir hom het die outomatiese deuroopmaker nie gewerk nie en hy kon dit nie oopkry nie.

Erger nog, hy kon ook nie weer in die huis kom nie omdat die huisdeur gesluit het toe hy dit toegetrek het. Hy het AGT dae lank op 'n kis Pepsi en 'n groot sak hondekos oorleef. Daarna het hy die huiseienaar gedagvaar vir sy lyding en angs.

Die storie het 'n goeie einde: Die jurie het besluit die versekeringsmaatskappy moet Dickson \$500 000 as vergoeding betaal.

VIERDE PLEK

Jerry Williams van Little Rock, Arkansas, kry die vierde plek nadat \$15 500 plus mediese onkoste aan hom uitbetaal is omdat sy buurman se hond hom aan die boud gebyt het - selfs al was die hond aan 'n ketting in sy eienaar se erf.

Williams het minder gekry as wat hy geëis het omdat die jurie bevind het die hond was dalk uitgelok omdat Williams oor die erf se omheining geklim en die hond verskeie kere met 'n windbuks geskiet het.

AANSTAANDE KEER: Julle moet twee weke wag voor julle weer kan lag – ons plaas dan die weners van die eerste drie pryse.

KRY HULLE TERUG

'n Tiener het begin om net swart klere te dra wat soos 'n sak aan hom sit, sy hare te kleur en dit soos penne op sy kop te laat orent staan. Toe een van sy vriende navraag doen oor die nuwe beeld wat hy na buite vertoon, bely hy:

"Die enigste rede waarom ek dit doen is om te keer dat my ouers my orals saam met hulle neem."

Stamboom

Help ons familiesoekers

BARNARD chabarn@telkomsa.net

Is daar enigeen wat navorsing oor stamvader Johannes BARNARD en sy naaste nakomelinge doen?

Edwin Conroy

Hierdie is my Familie. Ma, Pa, Oupa ens. Kan julle dalk help met meer inligting
 Descendants of Hendrik Hermanus Johannes Barnard ;
 1 Hendrik Hermanus Johannes Barnard en Aletta Hendrina Jacoba Barnard ;
 2 Hendrik Hermanus Johannes Barnardb: 05 Feb 1882 in On the farm at Millwood, Knysna: 02 Nov 1974 in Port Elizabeth Provincial Hospital, P.E. Eastern Cape Prov. S. Africa, en Charlotte Catherina Bouwerb: 12 Jan 1894 in Brackenhill District in Knysnad: 20 Jun 1964 in Port Elizabeth Provincial Hospital, P.E. Eastern Cape Prov. S. Africam: in N.G. Kerk, Knysna, Eastern Cape, South Africa
 3 Hendrik Hermanus Barnardb: Abt. 1914 and died 1918 en Elizabeth Barnard: Bet. 05 Feb 1915 - 1916 ; +Mike Pio
 3 Johannes Hendrikus Jakobus Barnardb: 05 Feb 1917 in Reenendal, in the Knysna Forestsd: Deceased in Date of death??? +Susarah Elizabeth Spiesb: 25 Oct 1919d: Abt. 1998m: Abt. 1942
 3 Samuel Delores Barnardb: in Date of BIRTH???: Deceased in Date of death???
 3 Aletta Barnardb: 21 Jun ; +Cornelius Meyer
 3 Clara Maude Barnardb: 09 Jan d:Deceased; +Christoffel Visagie
 3 Cornelia Barnardb: 31 Mar ; +Robert Odendaal
 3 Benjamin Albertus Barnardb: 06 Mar ; +Lily Rudman
 3 Daniel Barnardb: 11 Mar: Deceased in Date of death??? +Gertruide De Villiers
 3 Millie Barnardb: 20 Sep 1933 ; +Wynand Fourie ; d: 29 May 1984 in Oudtshoorn, Eastern Cape, South Africam: in Oudtshoorn, Eastern Cape, South Africa
 3 Leon Barnardb: 10 May 1943 ; +Ella Boshoff
 2 George Barnard
 2 Benjamin Barnard
 2 Jakoba Barnard
 2 ? Aka Makkie Barnard

BARNARD valerie@africankwidene.co.za

Wil 'n stamboom bou van Marhinus Christoffel Christiaan Barnard. Gebore in George op 14 Augustus 1878 oorlede op 2 July 1962. Getroud met Magrietha Cornelia Roelofse, Gebore 16 Januarie 1894 - oorlede 5 Augustus 1970. 8 Kinders is uit huwelik gebore en 7 half broers en susters.

BOTES kemzak@gmail.com

Name soos Dawid, Ester, Jan, Nicolaas, Elena,

CRONJE abigailsteyn0@gmail.com

Alle inligting oor Generaal Pieter Arnoldus Cronje en vrou en kinders

KROUCAMP minnievdm1@gmail.com

Jan Carel Christoffel Kroucamp, oupa groot, sy vrou Minnie Louisa Kroucamp gebore Siebert, ek kry niks inligting van hulle nie. My naam is Minnie Louisa van der Merwe gebore de Klerk.

LUTHER kemzak@gmail.com

Hierdie Luthers het van Pearston in die Oos-Kaap na Johannesburg getrek. Dit was 'n groots gesin met name soos Isak, Christoffel, Lukas, Johannes

ROODT pjfvdwalt@gmail.com

WCJ Roodt 1876 getroud met Wilemina Johanna Roodt, nee Roux in 1907 te Dordrecht. Het geboer met volstruise op die plaas Kalkoenkrans in die Jagersfontein distrik. Enige inligting oor die Roodt en Roux families sal waardeer word.

STYLE valkie2006@yahoo.com

Ek wil graag hoor of jy nie in die stamboom gedeelte die van Style wil insit nie, Ek wil graag sien wien reageer op dit, want ek het geen inligting rondom die van nie, en wil graag meer weet as dit moontlik is. Groetnis. Christ Holtzhausen

VAN STRATEN Jmcollinshome@gmail.com

FJ. van Straten getroud met Catharina Jacoba Hoffman, seun Joachim Willem Stoll van Straten.

VALKENBURG theresaduplooyza@gmail.com

Ek soek na Valkenburg familie (aftammelinge) van Gerhardus Valkenburg en Marthina Maria Magdalena Valkenburg (gebore Du Toit). My eggenoot se Ouma Marthina Dorothea Maria Valkenburg gebore 29.10.1885 was hul dogter. Hul seun (haar broer) was Andries Francois du Toit Valkenburg, gebore 14.11.1874 en hy was van Rustenburg.

VENTER jhvent@gmail.com

Jan Hendrik Venter Gebore 1903 te Pietersburg.

EEN AAND

op 'n vliegtuig

UIT SKOTLAND



Die vliegtuig uit Glasgow, Skotland, was al dertig minute in die lug toe die leier van die kajuitbemanning 'n pynlike aankondiging maak:

"Dames en here, ek is baie jammer, maar daar was 'n yslike deurmekaarspul met ons verversingsdepartement.

"Ek weet nie hoe dit gebeur het nie, maar ons het 103 passasiers aan boord en hier is net 40 etes gelaai. Ek vra nederig om verskoning vir die fout."

Nadat die krete van protes en die gemor onder die passasiers bedaar het, gaan sy voort:

"Enigene wat bereid is om sy maaltyd af te staan sodat iemand anders dit kan eet, sal onbeperkte gratis drank vir die duur van ons vlug van vier ure ontvang."

Negentig minute later het sy haar volgende aankondiging gemaak:

"Dames en here, as enigeen van opinie wil verander: ons het nog 40 etes beskikbaar."

Het jy iets anders van die Skotte verwag?



Wat is die storie agter die kaal antie op die perd?

Daar is meer as een verhaal agter die storie van Lady Godiva. Dit het 900 jaar gelede gebeur en legendariese status verwerf.

Een daarvan lui dat sy die vrou van hertog Leofric, Lord van Coventry, Engeland was.

Lady Godiva was ontsteld oor die swaar belastings wat haar man op die arm mense in sy domein ingestel het.

Toe sy hom vra om meer genadig te wees, het hy net gelag en gesê hy sal die belasting net verminder as sy nakend op 'n perd deur die dorp ry.

Tot sy skok het sy ingewillig, maar sy het die dorpenaars versoek om binnenshuis te bly en nie vir haar te loer nie.

Die legende lui verder dat 'n man met die naam Tom in die geheim deur 'n blinding geloer het – vandaar die term Peeping Tom.

♦Die illustrasie is 'n standbeeld wat in 1949 tot haar nagedagtenis onthul is en sy is ook deur talle skilders op doek verewig.



Nog 'n Ierse storie

Paddy se swanger suster was in 'n erge motorongeluk en het in 'n diep koma gegaan.

Na amper ses maande het sy bygekom en ontdek dat sy nie meer swanger is nie.

Sy was angstig en vra die dokter wat van haar baba geword het.

"O, dit was 'n tweeling, seuntjie en dogtertjie.

"Maar hulle was sieklik en moes dadelik gedoop word. Jou broer, Paddy, het dit toe gereël. Hulle is nou gesond."

"Ag, hemel," het die vrou by haarself gedink. "Tog nie my broer nie! Hy is so 'n oningelichte idioot!"

Sy het die ergste verwag en vra die dokter wat haar dogtertjie se naam is.

"Denise," antwoord hy.

Sy was baie verlig en dink toe sy was dalk verkeerd oor haar broer, want dis 'n pragtige naam.

"Dis 'n mooi naam," sê sy.

"En wat is my seuntjie se naam?"

Die dokter antwoord: "Denephew."

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Hy het nooit in 'n vergadering gepraat nie "want hulle betaal te min." Tot een dag . . .

Uit: Mediamense.co.za

Fanus Rautenbach – van Flink uit die Vere, Staal Burger en baie ander fame - was nie een wat by die SAUK-politiek betrokke geraak het nie. Tot een dag.

Dit was die jaarlikse "oopdeur-vergadering" van die direkteur-generaal van die SAUK, en behalwe die seergeagte heer, was van die senior amptenare ook teenwoordig. En dan was daar omroepers soos Hennie Maas, Hendrik de Bruyn, Frik Pieterse, Henk Bieman, Johannes van der Walt, Fanus Rautenbach en ander.

Die DG gee sy gebruikelike "oopdeur-spiets" waarin hy elke keer beklemtoon dat sy deur altyd oopstaan vir enige een van die SAUK-personeel om enige saak met hom te kom bespreek. (Skielik onthou hulle dat Roelf Jacobs, die dag toe hy programbestuurder geword het, gesê het: "En onthou nou, my deur staan altyd oop!" Hy glimlag en voeg by: "Ek is in elke geval te f...n nuuskierig om te hoor wat in die gang aan die gang is!")

Die DG, mnr. Riaan Eksteen, wat kort tevore uit die kantoor van minister Pik Botha by die SAUK aangestel is, praat verder: "My deur staan altyd oop en ek wil hê ons moet vandag eerlik wees met mekaar!" ("Is ons dan nie ander dae eerlik nie?" brom-vra Nic Swanepoel.)

Die DG skuif reg in sy stoel: "En vandag kan ons openlik wees met mekaar, en u kan vra en sê net wat u op die hart het."

Hennie Maas kurktrekker homself uit sy stoel uit, sy wenkbroue wip ten hemele, en hy wys naasbothatande: "Meneer, die mense vra ons: 'Is die SAUK 'n staatsinstelling of is die SAUK nie 'n staatsinstelling nie?'"

Meneer antwoord: "Die SAUK is onafhanklik. Nee, die SAUK is nie 'n staatsinstelling nie! Volgende vraag?"

Fanus Rautenbach staan op. Hy is spierwit van spanning en angs en woede ... Dit is skielik doodstil. Die ander weet nie wat aan die gang is nie. Fanus steur hom nie aan die vergaderings nie. Hy en Leon Schuster sit maar altyd net daar en wens dat die beker by hulle moet verbygaan.

Leon sal die velletjies, die froesies, van sy maermerrie afvryf en Fanus sal versies maak, maar in 'n vergadering praat hulle nooit nie. ("Hoekom praat julle twee nooit in 'n vergadering nie?" het Nic Swanepoel een keer vir hulle gevra. Fanus het geantwoord: "Hulle betaal te min!")

En nou wag almal in spanning. Dit sal heel waarskynlik die laaste keer wees wat hy sal praat. Maar praat gaan hy praat, want Fanus is de moer in. En wat sê hy? Hy sê so koel soos Staal Komkommer:

"Meneer, as die SAUK nie 'n staatsinstelling is nie, wil ek net vra: U het nooit by die SAUK gewerk nie, u was nooit 'n omroeper of 'n nuusleser of 'n SAUK-man nie ... as die SAUK nie 'n staatsinstelling is nie, hoe het u dan hierdie werk gekry?"

Die DG word wasbleek en spring op en af van woede: "Jy moenie vir my daardie vraag vra nie! VRA DIT VIR DIE VOORSITTER! Vra dit vir die raad van die SAUK wat my aangestel het!!!"

Maar Fanus is nog nie klaar met hom nie. Sy volgende vraag lui so: "Adverteer hulle so 'n pos?"

Geen antwoord nie.

"U het netnoumaartjies gesê ons kan nou enige vrae vra. Nog ene: Doen mense

aansoek om so 'n pos?"

Geen antwoord nie.

Maar Fanus gaan voort: "Nee, u was nooit 'n omroeper nie die naaste wat u ooit aan die media gekom het, was toe u u seuntjie gehelp het om bedags *Die Transvaler* af te lewer..."

"Is daar nog iemand wat die mes in my rug wil steek en draai?" vra die DG bitter ...

Nóg in die vergadering stuur Frik Pieterse 'n briefie aan Fanus: "Mooiskoot, ou Faantjie! Nou het jy hom darem gesê!"

Maar nie een van ons kollegas staan op en ondersteun vir Fanus Rautenbach wat nou sy gat gesien het nie. Buite, ná die vergadering, wens almal hom geluk, vanaf André Liebenberg tot by Edwill van Aarde.

Maar dit was Fanus se grootste oomblik. Daardie aand toe Fanus by die huis kom, huil sy Vroutjie-Douwtjie: "Hoe kon jy ... Koekoe?"

En hy stoot sy bors uit en sê: "Die eerste keer in my lewe was ek trots dat ek ek is. En ek is nog hy!" (pp. 217-221).

Uit: Fanus Rautenbach en Pieter Coetzer. 2009. Fanus onthou en Sebastian lieg in die mou. Pretoria: LAPA uitgewers.

KAMMANUUS verskyn weer op 5 OKTOBER